

SINODALE DIENSRAAD (SDR)

1. SAMESTELLING EN VERGADERINGS

- 1.1. Die Sinodale Diensraad (SDR) is volgens Bepaling 35.1.1-5 saamgestel uit die moderatuur (vgl Bep 32.2.9), een predikant en een ouderling/diaken (met sekundi) uit elke ring, aangewys deur die onderskeie ringe; die sinode se predikant in sinodale diens wat ampshalwe as skriba optree en die saakgelastigde van die sinode.
- 1.2. Met die aanstelling van dr Gustav Claassen as Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode, moes die SDR die vakature van moderator vul. Dr Dewyk Ungerer is op 'n vergadering van 23 Oktober 2015 as moderator verkies.
- 1.3. Met die verkiesing van dr Ungerer as moderator, het 'n vakature in die aktuaris pos ontstaan en is ds Attie Nel as aktuaris verkies.
- 1.4. Met die aanstelling van die assessor, ds Paul Grobler, as direkteur van die Noordelike Sinode, moes die SDR ook 'n assessor verkies. Dr James Kirkpatrick is as assessor verkies.
- 1.5. Dr Paul du Plessis is as addisionele lid verkies in die plek van ds Maartje van der Westhuizen, wat 'n beroep na die Oostelike Sinode aanvaar het.
- 1.6. Die moderatuur, bygestaan deur die PSD en saakgelastigde het as dagbestuur van die SDR opgetree – hoofsaaklik met die funksie om aksies en prosesse van die SDR te koördineer.
- 1.7. Die SDR het 13 gewone vergaderings gehou en een buitengewone vergadering.
- 1.8. Die SDR se funksionering word in bep 35.1.4 bepaal. Hierdie verslag word volgens die bepaling se uiteensetting aangebied.

1.9. Vir die toekomstige gladde funksionering van die SDR, het die SDR by sy laaste vergadering versoek dat ringe hulle verteenwoordigers vir 'n termyn van vier jaar sal aanwys. Die Sinodale Taakspan Regte is gevra om dienooreenkomstig voorstelle t.o.v die wysiging van die kerkorde voor te berei.

2. OPDRAG

Die SDR se taak word in bepaling 35.1.4 beskryf.

35.1.4 Die SDR is die verteenwoordigende regspersoon van die sinode tussen sittings en

- 1. Keur die beleid en die begroting goed aan die hand van die kernwaardes, kernbesigheid en fokusareas.*
- 2. Fasiliteer gesprekke binne die verband oor relevante sake.*
- 3. Hanteer hertoelating tot die bediening, appèlle, herindelings van ringe en die Sinode se betrokkenheid by teologiese opleiding.*
- 4. Koördineer en inisieer, in oorleg met ringe, die werksaamhede binne die fokusareas.*
- 5. Kontroleer die realisering van strategie en die bereiking van doelwitte met verslag aan die sinode.*
- 6. Alles wat deur die sinode aan hom opgedra word om te hanteer tussen sinodes.*

2.1 Strategie en visionering (Bep 35.1.4.5)

2.1.1 Bestuur van verandering

Die Sinode se visie, kernwaardes en kernbesigheid wat by die vorige sinodesitting bepaal is, was die SDR se funksioneringsraamwerk en is deurlopend in gedagte gehou. Dit het al meer duidelik geword dat die visie en kernbesigheid van die sinode vra vir 'n benadering van baie nuwe samewerking tussen die onderskeie leierskapgestaltes van die sinode (gemeente, ring en sinode).

Sake wat hierby aansluit is ringsbemaagtiging en die prioritisering van die sinodale begroting, wat in die verslag m.b.t. ringsbemaagtiging, asook die aanvullende verslag van die moderatuur, verder bespreek word.

Om beleid en die prosesse hiervoor nodig te bestuur, het die SDR tot die gevolgtrekking gekom dat 'n nuwe pos benodig word. Die SDR het dus op 2014-06-20 goedgekeur dat die pos van Direkteur Noordelike Sinode geskep word. Die skep van die pos was nie die vulling van die vakature wat ontstaan het toe Gerrit Cloete as PSD afgetree het nie. Die pos van direkteur is 'n nuwe pos met 'n totaal nuwe posinhoud, genoodsaak deur strategiese behoeftes.

In die posbeskrywing is die rol van die direkteur soos volg beskryf:

Die Direkteur vervul die rol van die uitvoerende amptenaar in diens van die Noordelike Sinode en is in hierdie opsig verantwoordelik vir -

- *die bevordering van die beeld en etos van die Sinode,*
- *die realisering van die visie van die Sinode*

- *die bestuur en uitvoering van die beleid en besluite van die Sinode.*

Hierdie rol van die Direkteur is, as beplanner, organiseerder, koördineerder en kontroleerder van die organisasie se funksionering onontbeerlik in die bestuur van verandering. Dit word vry algemeen aanvaar dat suksesvolle uitvoerende amptenare 'n tweeledige rol het:

**1 Leierskaprol*

- *Verstaan die strategie wat vir sy organisasie die verskil tussen voortreflikheid en gemiddeldheid beteken, en adviseer die moderatuur en SDR m.b.t. besluite en beleid wat dit laat realiseer.*
- *Identifiseer deurentyd geleenthede en knelpunte wat benut en bestuur kan word in die lig van sy organisasie se strategiese doelstellings en ontwikkel aksieplanne vir die hantering daarvan.*
- *Inspireer en motiveer personeel tot persoonlike betrokkenheid by en optimale uitsette in die uitvoer van hulle verantwoordelikhede.*
- *Dien as gesig van Bestuur en skakel namens die organisasie na binne en buite.*

**2 Bestuursrol*

- *Sien toe dat die beleid en besluite van die organisasie geboekstaaf, bewaar en uitgevoer word.*
- *Sorg vir die fisiese, organisatoriese en inligtings-infrastruktuur wat nodig is vir die dag-tot-dag werksaamhede van die organisasie.*
- *Sien toe dat die aksieplanne van die organisasie i.t.v. tyd en koste uitgevoer word.*
- *Dien as koördineringspunt vir navrae oor, en die interpretasie van beleid en meer tegniese aspekte van die werksaamhede van die organisasie.*
- *Verantwoordelik vir die bestuur van die databasis vir rekeningkundige en ander rekords i.t.v. statutêre en oorhoofse bestuursvereistes.*
- *Verantwoordelik vir die interne en eksterne besigheidskommunikasie van die organisasie.*

2.1.2 Fokuse wat tydens die 2012 sitting geïdentifiseer was, is die volgende:

Armoedeverligting

Begeleiding van rou-prosesse

Beklemtoning van God-gefokusde spiritualiteit

Bemagtiging van ringe

Bestuur van diversiteit en eenheid

Bewusmaking van die belangrikheid van ekologie

Bou van verhoudings na binne en buite

Ondersteuning met prediking en erediens

Opleiding in Skrifhantering

Opskerping van roepingsbewustheid by lidmate

Ondersteuning van gemeentes t.o.v. finansies en administrasie

Pastorale versorging van predikante en predikantsgesinne

Toerusting van lidmate vir bediening as gelowige

2.1.2.1 Nadat die SDR by sy eerste vergadering deur 'n fasiliteringsoefening begelei is onder leiding van dr Roelf Opperman, was die uitkoms die volgende:

So wil ons hê dat die kerk oor vier jaar moet lyk - Ons moet 'n GESTUURDE KERK wees met:

'n God-gefokusde spiritualiteit

Roepingsbewuste lidmate

Goeie verhoudinge na binne en na buite

Effektiewe administratiewe funksionering

2.1.2.2 Verslag oor die SDR se aandag aan bogenoemde sake word gelewer in die terugvoer van die onderskeie taakspanne:

- Leer en Aktuele Sake
- Predikantebegeleiding
- Missionale Transformasie
- Geloofsvorming
- Diensgetuenis
- Regte
- Ondersteuning

2.1.3 Goedgekeurde Visie, Kernwaardes en Kernbesigheid van die Sinode:

2.1.3.1 Visie

“Die Noordelike Sinode erken dat God ons, deur gemeentes, binne die gemeenskap waarbinne ons geplaas is, gebruik om HOOP bring en ‘n VERSKIL te maak. As Sinode wil ons ‘n ondersteunende rol speel deur ‘n verhoudings-gefokusde organisasie te wees wat, in afhanklikheid van God Drie-enig en in die kreatiewe krag van die Heilige Gees:

- *help om gemeentes te bou wat elkeen in eie konteks die Koninkryk van God soek, en*
- *om die gemeenskap na buite te bereik deur gesamentlike werksaamhede wat nie deur ringe en gemeentes afsonderlik gedoen kan word nie.”*

2.1.3.2 Kernwaardes

Die Noordelike Sinode wil hom, ten opsigte van die verstaan van sy identiteit, in al sy aktiwiteite laat lei deur die volgende kernwaardes:

- *Besluitneming gegrond op sy verstaan van die Bybel en die belydenisskrifte.*
- *Verbintenis aan die kerkordelike ooreenkoms oor die werkterreine van die onderskeie dele van ons kerklike verband.*
- *Gemeenskaplikheid met ander gelowiges in sy soeke na die wil van God in ‘n veranderende wêreld.*
- *‘n Deernis vir mense in die hantering van diversiteit.*
- *Sensitieweit vir die ryke verskeidenheid van gawes wat ringe, gemeentes, geslagte, generasies, kulture en persoonlikhede bied.*
- *Die wydste moontlike betrokkenheid en aktiewe benutting van leraars, kerkraadslede en lidmate by die werksaamhede van die sinode.*
- *Deursigtige besluitneming en administrasie.*

2.1.3.3 Kernbesigheid

Die bedryfsdoelstelling van die Noordelike Sinode is die koördinering van beskikbare hulpbronne, (soos mense, grond, geld en inligting) saam met en deur ringe, om alle gemeentes te bemagtig om HOOP te bring en ‘n VERSKIL te maak. Om dit te bereik fokus die Sinode op die volgende breë aktiwiteite:

- *‘n **Sinodesitting** waartydens:*
 - *sinodale leiers verkies word,*
 - *verhoudings gebou word,*
 - *visionering plaasvind en die strategiese rigting van die Sinode bepaal word, en*
 - *fokusareas van die Sinode geïdentifiseer word wat deur die SDR geprioritiseer en gekontroleer word.*
- ***Vergaderings van die sinodale leierskap** waartydens:*
 - *aktiwiteite van die onderskeie sub sisteme (sinodale taakspanne, ringe en gemeentes) gekoördineer en gekontroleer word, met die oog op die doeltreffende realisering van die visie van die Sinode.*
- ***Aktiwiteite van die leierskap** (moderatuur en taakspanne) wat veral sal insluit*
 - *Navorsing,*
 - *Kontekstualisering,*
 - *Aktivering van netwerke, waaronder die ringe inbegrepe is,*
 - *Vestiging van vennootskappe,*
 - *Verspreiding van inligting,*
 - *Motivering en leierskapontwikkeling*
 - *Opleiding*

AANBEVELING:

2.1.4 Die sinode verbind hom opnuut aan die kernwaardes, visie en kernbesigheid, soos goedgekeur by die Sinodesitting van 2012.

2.2 Goedkeuring van beleid en die begroting (Bep 35.1.4.1)

*1. Die begrotings en geouditeerde finansiële state vir 2013/14 tot 2016/17 is deur die SDR goedgekeur, met ‘n opdrag aan die moderatuur om die begroting af te bestuur tot binne bekostigbare grense. Hierdie saak word verder bespreek in die verslae van die moderatuur en die sinodale taakspan ondersteuning (STO).

2.3 Ander sake aan die SDR opgedra (Bep 35.1.4.2 tot 35.1.4.4)

Die ander sake wat volgens Bepaling 35.1.4 aan die SDR opgedra is, het aandag gekry soos dit nodig geword het.

2.4 Predikantebegeleiding

Predikantebegeleiding is aanvanklik deur 'n taakspan onder leiding van die vorige assessor hanteer. Met die aanstelling van ds Paul Grobler as direkteur van die Noordelike Sinode, is besluit om die verantwoordelikheid by hom te laat, tot en met die sinodesitting.

Sien die verslag by punt 9 van die agenda.

3. OPDRAGTE VAN DIE 2012-SINODE

3.1 Fokusareas

"Goedgekeur: Die sinode versoek die taakspan wat die beplanning en fasilitering van die sinode in sitting hanteer het om die SDR direk na die sinode te fasiliteer in die bepaling van prioriteite en die fokusareas van die sinode se werksaamhede."

AANBEVELING:

Die sinode neem kennis dat dit so hanteer is (sien 2.1.2.1 van hierdie verslag)

3.2 Ringsbemagtiging

Daar is by verskeie geleenthede tydens moderatuurs- en SDR vergaderings oor ringsbemagtiging besin. Sien aangehegte Bylaag 1.

AANBEVELINGS:

3.1.1 Die sinode neem kennis van Bylaag 1.

3.1.2 Die sinode gee opdrag aan die SDR om voort te gaan met die besinning oor ringsbemagtiging.

3.3 Funkionering van Sinodale strukture

"6.2.2 'n Gewysigde stelsel (Agenda bl. 27)

Op aanbeveling van die tydelike taakspan keur die sinode die aanbeveling by 6.2.2 goed, naamlik:

dat die DKB verval; dat die moderatuur bestaan uit 'n moderator, assessor en aktuaris plus 5 addisionele lede wat almal ter vergadering verkies word;

dat die moderatuur kollektief ten opsigte van die diensterreine verantwoordelikheid neem en taak-spanne aanwys soos en wanneer benodig;

dat die PSD steeds die skribaats hanteer en dat die SDR by 'n vakature 'n reëling tref.

Op verdere aanbeveling van die tydelike taakspan word die besluit soos volg uitgebrei:

Die sinode besluit dat die huidige diensrade bly bestaan totdat die nuwe strukture na oordeel en evaluering van die SDR in staat is om die bediening met bevoegdheid te bestuur."

AANBEVELINGS:

3.3.1 Die sinode neem kennis dat die periode sedert 2012, ooreenkomstig die besluite van die vorige sinode, 'n oorgang was vanaf diensrade na taakspanne.

3.3.2 Die sinode versoek die SDR om taakspanne aan te wys soos nodig.

3.3.3 Die sinode versoek die SDR om verteenwoordigers vir die Bybelgenootskap, kuratoria pensioenfondse, ensovoorts aan te wys soos nodig.

4. BEPLANNING VIR SINODESITTING 2016

Die SDR het by sy vergadering van Februarie 2016 die volgende besluit oor die inrigting van die sinodesitting geneem:

4.1 Styl van vergadering

Dat:

**1. Die fokus van die vergadering in 2016 op deeglike teologiese debatvoering oor die sake op ons agenda geplaas sal word.*

**2. Die primêre werkswyse die debat in die groot vergadering sal wees en dat kleingroepfunksionering so benut word dat dit die groter debat ondersteun.*

**3. Met die oog op inklusiwiteit, die moderatuur ringe uitnoui om by al die hoofmomente in ons debat, persone aan te wys wat oor die spesifieke saak binne die ordereelings van die vergadering die eerste deelnemers aan die debat te wees. Hierna sal die debat oop wees vir alle afgevaardigdes tot deelname soos deur die voorsitter binne die ordereelings gereël word. By elke moment sal daar steeds deur die moderatuur 'n inleier of inleiers aangewys word wat die reg tot repliek oor die debat het soos in ons ordereelings bepaal word.*

**4. In die beplanning van die vergadering daar prosesse en geleenthede sal wees waar deur die proses van wegbreekgroepe die meer "administratiewe" sake en terugvoer oor werksaamhede op so 'n wyse sal geskied dat dit nie die ritme van ons groter vergadering verbreek nie. Oor enige saak waaroor daar nie in die wegbreekgroepe konsensus bereik kan word nie, sal steeds in die groter vergadering beredeneer kan word. Die prosesse moet oop wees vir elke afgevaardigde en ringe moet verteenwoordiging by die gesprekke aanwys.*

4.2 Spiritualiteit

Dat:

- *1. Die vergadering op die ooreengekome Kerkordelike wyse geopen en gekonstitueer word.
- *2. Die daaglikse dagopeninge en –afsluitings binne die vergadering sober in styl en tyd sal wees en rondom die tema van Hoop in ons wêreld sal sentreer. James Kirkpatrick sal die moderatuur lei om in die skema van werksaamhede op so 'n inklusief moontlike manier persone te identifiseer wat dit kan hanteer.
- *3. Dat binne die skema van werksaamhede daar ruimte kan wees vir 'n liturgiese geleentheid om rondom die Woord en sakrament ons saamwees binne die verband te vier.

5. ANDER SAKE DEUR DIE SDR HANTEER

5.1 Teologiese opleiding

- *1. Die teologiese opleiding by die Universiteit van Pretoria is nie 'n aksie van net een sinode nie, maar word gesamentlik deur die vier "Transvaalse" sinodes gedoen. Die Kuratorium is ook nie aan 'n enkele sinode gekoppel nie, maar funksioneer as 'n subkomitee van die Gesamentlike Sinodale Kommissie. Die sinode het vier verteenwoordigers en vakatures is deur die SDR aangevul.
- *2. Die kerklike dosente van die Fakulteit Teologie Pretoria is gereeld uitgenooi om die SDR te besoek en om aan die besinning oor teologiese sake deel te neem. Hierdie jaarlikse besoek word deur beide die SDR-lede en die dosente as 'n belangrike en sinvolle ontmoeting beleef.

Sien die verslag by punt 8 van die agenda.

5.2 Besluite van die Algemene Sinode

5.2.1 Wysiging van artikel 1

Twee buitengewone sinodes is in die verband gehou, die eerste was 'n inligtingsinode en by die tweede is daar besluite geneem.

****1 Uitslag van GEMEENTESTEMMING:**

JA 14 (12 %) (> 66.6 % = JA)
 NEE 93 (79 %) (< 66.6% = NEE)
 BUITE 11 (9 %) (tel vir "NEE")
 Dus 88% NEE"

****2 Uitslag van SINODESTEMMING:**

JA 142 49 %
 NEE 150 51 %
 SINODE minder as 66.6 % ja = NEE"

5.2.2 Selfdegeslagverhoudings

By die eerste vergadering van die SDR na die algemene sinode van 2015, is daar ruim tyd gegee vir gesprek oor die besluite rakende selfdegeslagverhoudings.

'n Taakspan onder leiding van die assessor, dr James Kirkpatrick, is aangewys om alle relevante sake in die verband te hanteer.

Tydens die sinodesitting sal daar ruim tyd gegee word vir bespreking oor die saak, asook oor die jongste verwickelinge in die proses.

6. BESKRYWINGSPUNTE EN BESWAARSKRIFTE

Ingevolge bepaling 32.4.2 moet beskrywingspunte en beswaarskrifte vier maande voor die datum van die sitting ingehandig word. Teen die spertyd is daar geen sodanige dokumente ontvang nie.

7. MODERATUUR

Die moderatuur het as dagbestuur van die SDR opgetree. Sien die moderatuursverslag by punt 5 van die agenda.

L (Dewyk) Ungerer
 Voorsitter

PJ (Paul) Grobler
 Skriba